Die negatiewe politieke en ekonomiese toestande beïnvloed ons prestasie in sport

Willem Faber MP – DA Shadow Deputy Minister of Sports and Recreation

Geagte Voorsitter,

Sport het die vermoë het om diverse groepe mense bymekaar te bring.
Nelson Mandela se wyse woorde was dat, "Sport kan hoop gee waar daar eens bloot wanhoop was. Dit is magtiger as regerings wanneer dit kom by die afbreek van rassegrense."

Sport het wêreldwyd in die laaste paar dekades in 'n kuns, sowel as 'n wetenskap verander. Die dae toe blote talent en oefening medaljes kon verower is lankal verby.

Daarom het hierdie Departement 'n geweldige groot rol om te speel ten opsigte van ontwikkeling van jong sporttalent. Indien ons op internasionale vlak enigsins kompeterend wil bly sal ons dieper moet gaan kyk oor wat om reg te doen op skoolvlak om uiteindelik kampioene vir Suid-Afrika te verseker.

Suid-Afrika se sportprobleme lê eerstens in die gebrek aan sportfasiliteite by voorheen-benadeelde skole.

Waar die onderskeie Departemente, insluitend sport en onderwys, wêl geld bewillig vir fasiliteite word dit grotendeels wit olifante weens die afwesigheid van geld vir instandhouding, 'n gebrek aan afrigters en die afwesigheid van 'n fiksheids- en sportkultuur.

Daar moet daadwerklik daaraan gewerk word om ‘n volhoubare sportkultuur te vestig, met opgeleide en toegewyde administrateurs, afrigters en fasiliteite.

In oud-model C skole bestaan hierdie kultuur steeds – as gevolg van die skole se historiese toegang tot hulpbronne. Leerders by hierdie skole het toegang tot professionele afrigters and toerusting. As ‘n gevolg het dit ‘n ongelyke speelveld veroorsaak waar leerlinge van hierdie skole in verskeie sportkodes domineer.

‘n Piramide se hoogte word bepaal deur die grootte van sy basis. Indien daar slegs ‘n beperkte basis is kan geen mededingende hoogtes bereik word nie. ‘n Groter fokus op liggaamsoefening (LO) en volhoubare massa-deelname moet plaasvind (kyk maar na die klem wat die Sjinese plaas op sport deelname en leerlinge se fiksheid).

Konsentrasie en fokus het die verskil tussen wen of verloor geword. Ons kinders word al op skool vertel om te fokus en in die klas te konsentreer wanneer dit by hul skoolwerk en skoolsport kom, maar niemand leer hulle om dit doeltreffend te doen nie.

Soos wat kinders moet leer om Wiskunde, Wetenskap en ander vakke te kan slaag, en vaardighede in sport te bemeester, moet hulle ook elke dag gehelp word om te fokus en te konsentreer. Fokus en konsentrasie moet elke dag ingeoefen word, soos enige vak.

Die vermoë om te konsentreer is van sleutelbelang vir ‘n atleet om die kruin van sy vermoë te bereik. Wanneer twee atlete met gelyke vaardighede en vermoëns meeding

is dit feitlik ‘n uitgemaakte saak dat die een met die grootste vermoë om te fokus sal seëvier.

Ongelukkig leef ons almal in Suid-Afrika onder ‘n swak ANC-regering wat self nie weet hoe om enigsins te fokus of te konsentreer nie.

Die situasie veroorsaak onstabiele ekonomiese toestande wat gepaard gaan met werkloosheid en misdaad.
Sportmanne en -vroue is dus daagliks onder hierdie druk, asook die druk om te te kan presteer. Die negatiewe politieke en ekonomiese toestande in ons land wat deur die ANC veroorsaak word, het dus verseker ‘n invloed op die prestasie van ons sportsterre.

Ons sportmanne en -vroue is meesal groter, sterker en vinniger met meer talent as hul opponente. Die realiteit is ongelukkig dat wanneer dinge nie by die huis reg gaan nie, sal jou fokus ook nie 100% op jou prestasie gerig word nie.

Suid-Afrikaanse sport-ondersteuners behoort nie eens te wonder waarom ons spanne nie presteer soos van hul verwag word nie.

In die DA-regeerde Wes-Kaap word drome ‘n werklikheid waar dienslewering plaasvind, korrupsie beveg word en sportmanne en -vroue op sport kan begin fokus. Ongelukkig oorskadu die nasionale toestande in ons land die bietjie lig wat nog in die Wes-Kaap skyn.

Ek wil aan al ons nasionale spanne en individuele sportsterre wat die afgelope tyd in internasionale sportsbyeenkomste deelgeneem het soos die Protea and Krieket en netbal spanne, Bafana Bafana/Banjana Banjana en fietsryer Daryl Impey, wat tans in die Tour de France deelneem dank te betuig vir hul toewyding om onder moeilike omstandighede ons land te verteenwoordig - ons is trots op julle almal, wen of verloor.

Laastens wil ek ook die Springbok Rugbyspan alle sterkte en voorspoed toewens met die rugby-wêreldbeker wat volgende maand in Japan afskop. Weet dat ons almal agter julle staan met die hoop om soos in 2005 Suid-Afrika te verenig as die reënboognasie van Nelson Mandela - Viva Bokke.

Ek dank U.